

Resensie

***Max Havelaar of die koffieveilings van die Nederlandse Handelsmaatskappy*, deur Multatuli, Protea Boekhuis, 2025**

Vertaler: Ena Jansen

Dewald Koen

Na afloop van die 2024-verkiesing in die Verenigde State van Amerika word die globale gemeenskap deur allerlei ideologiese uitdagings gekonfronteer. Hierdie politieke veranderinge word hoofsaaklik aangevoer deur middel van beleidsverskille wat met kapitalistiese magstrukture gepaard gaan. Magsmisbruik en korrupsie is in talle wêrelddele aan die orde van die dag. In hierdie konteks is die pas verskene Afrikaanse vertaling van Multatuli (oftewel Eduard Douwes Dekker) se roman *Max Havelaar* wat in 1860 gepubliseer is, relevant.

Max Havelaar word beskou as Multatuli/Dekker se grootste literêre werk en een van die belangrikste tekste in die Nederlandstalige literêre kanon. Belangrike geskiedkundige gebeure word in die verhaal verken. Alhoewel die narratief grootliks outobiografies van aard is, word verskeie vertelperspektiewe en -tegnieke aangewend om 'n fiktiewe voorkoms aan die teks te verleen. Die narratief is geskoei op Eduard Douwes Dekker se ervaring tydens sy verblyf in Nederlands-Indië (die huidige Republiek Indonesië). As koloniale amptenaar bevraagteken die fiktiewe Max Havelaar (Dekker se alter ego) koloniale praktyke soos korrupsie, uitbuiting en magsmisbruik deur die Nederlandse staat. Alhoewel Max nie kolonialisme as sulks veroordeel nie, het sy kritiek op Nederland se koloniale beleid uiteindelik bygedra tot sy bedanking as regeringsamptenaar in die Lebak-streek. Die publikasie van *Max Havelaar of die koffieveilings van die Nederlandse Handelsmaatskappy* (1860) het die Nederlandse regering van Willem III tot in sy fondament geskud. Wat veral belangrik is, is dat die deursnee-Nederlander deur middel van dié roman bewus geword het van wanpraktyke wat plaasgevind het in gekoloniseerde lande as gevolg van Nederland se koloniale beleid. In hierdie opsig kan *Max Havelaar* as betrokke literatuur beskou word wat magsmisbruik ontbloot het, soortgelyk aan verskeie karakters in sommige van André P. Brink se romans van die laat sewentigerjare en John Miles se *Kroniek uit die doofpot* (1991).

Dit is opvallend dat hierdie roman nie in die tagtigerjare as deel van Human & Rousseau se Academica-reeks uitgegee is nie. Ena Jansen se Afrikaanse vertaling is dus 'n welkome toevoeging tot die meer as veertig vertalings van die

roman wat tot op hede verskyn het. Dit is boonop toevallig dat die vertaling in 2025 verskyn, naamlik die eeufeesviering van Afrikaans se status as amptelike landstaal. Ten spyte van die verskraling en in sommige gevalle die afskaffing van Nederlands as vak op tersiêre vlak, is dit verblydend dat 'n uitgewer bereid is om Nederlandstalige tekste vir Afrikaanssprekende lesers beskikbaar te stel deur middel van vertalings. Jansen het reeds haar kranige vernuf as vertaler bewys met haar vertaling van Maria Dermoût se *Die tienduise dinge* wat in 2022 in Afrikaans verskyn het. Haar deeglike kennis van die Nederlandse taal en gepaardgaande idiomatiese taalgebruik is van kardinale belang met die vertaling van 'n komplekse roman soos *Max Havelaar* weens die ingewikkelde struktuur asook allerlei taalkundige en historiese verwysings wat vir meeste Afrikaanssprekende lesers onbekend sal wees. Haar kennis van en navorsing oor koloniale Nederlandstalige tekste verleen verdere impetus aan haar kundige en toeganklike vertaling van Multatuli/Dekker se roman.

Hanli Deysel se treffende bandontwerp skakel met die Indonesiese milieu deur gebruik te maak van tropiese blomme en blompatrone. Laasgenoemde beelde word veral met die tropiese klimaat van die Republiek Indonesië assosieer. Jansen se deeglike inleiding is 'n welkome toevoeging wat die teks vir die Afrikaanssprekende leser in 'n geskiedkundige konteks ontsluit. Boonop is 'n lys van Maleise woorde aan die einde van die roman ingesluit. Hierdie lys dui op talle interessante ooreenkomste ten opsigte van Afrikaans se ontstaansgeskiedenis. Enkele voorbeelde sluit in woorde soos 'kampong' en 'sarong' wat dui op die Maleise invloed op die ontwikkeling van Afrikaans as taal. Die behoud van die Maleise woorde in die roman word doelbewus aangewend om die leser in die konteks en fiktiewe milieu te verplaas. Jansen maak deurgaans van voetnote gebruik om onbekende begrippe aan die Afrikaanstalige leser te verklaar.

Die vertaling van een van Nederland se belangrikste literêre tekste in Afrikaans is ongetwyfeld 'n welkome toevoeging tot die huidige korpus vertaalde tekste wat hoofsaaklik deur Protea en Naledi gepubliseer word. Sodoende word 'n gaping vir Afrikaanssprekende lesers gevul wat nie maklik toegang tot Nederlandstalige tekste het nie en boonop nie Nederlands as taal magtig is nie. In 'n era van globalisering is dit myns insiens belangrik vir enige leser (en veral letterkundestudente) om sy of haar literêre verwysingsraamwerk te verbreed. Jansen se knap vertaling van Multatuli/Dekker se *Max Havelaar* lewer 'n broodnodige bydrae om hierdie kanonieke teks aan 'n nuwe generasie lesers bekend te stel.